

9 Februarie 2012

Jaargang 5 – Uitgawe 2

In hierdie uitgawe

- Voorblad
- Beroepe en standplase
- Predikante en gemeentes
- Ander nuus
- Kommentaar
- Agterblad



Teken in op die e-Hervormer en ontvang elke uitgawe gratis per e-pos!

• Stuur 'n e-pos aan karen@nhk.co.za

Nuus, berigte en kort kommentaar (uiters 100 woorde) aan produksie@nhk.co.za



Skakels

Webblad van die Hervormde Kerk www.nhk.co.za

Die Hervormer

e-Hervormer

www.hervormer.co.za

www.hervormer.co.za/e_Hervormer.html

Indien u nie weer die e-Hervormer wil ontvang nie, klik op www.hervormer.co.za/cancel.html

VOORBLAD

Die lewegewende boodskap van die Bybel

Soveel mense loop rond met hooploosheid en pyn. As Christengelowiges het ons die hulpmiddel, die kuur om mense in nood se lewens te red. Dit is 'n saak van lewe en dood...

Byna instinkties maak ek plek vir die ambulans wat van agter waarsku dat hy op pad is, die sirenes en ligte getuig van die dringende nood en die kritieke belangrikheid dat hy so vinnig moontlik sal help. Dit is 'n saak van lewe en dood.

Die verkeer herstel weer na normaal en dit is asof almal deur die waarskuwing gemaan is om 'n bietjie versigtiger te ry. Ek dink aan die missie van die Bybelgenootskap van Suid-Afrika: "Bekostigbare Bybels vir elkeen in hul eie taal en geskikte formate, sodat almal die lewegewende boodskap van die Bybel mag ervaar". Sondag na Sondag praat ons van die nuwe lewe van die gelowiges. Ons bely saam met die kerk dat ons deur Jesus Christus 'n nuwe lewe ontvang het en dat ons nie meer bestem is vir die ewige dood nie. Ook 'n saak van lewe en dood...

Tog reageer ons nie altyd haastig om hierdie lewegewende boodskap by die nood van die wêreld uit te kry nie. Miskien het ons gewoon geraak aan die nood en die dood om ons? Ons reageer nie meer op die sirenes en die ligte wat waarsku dat iemand besig is om te sterf nie. Dit is maklik om die pyn en nood van mense te ignoreer wat ver van jou af is. Maar wat as dit iemand is wat jy ken, soos 'n vriend of vriendin? Of iemand vir wie jy lief is: jou man, vrou of kind? Hoe haastig sal ons reageer om 'n geliefde te help wat besig is om te sterf? Tog kyk ons soms rustig na die vernietiging van mense wat elke dag rondom ons sterf aan geestelike armoede, nood en pyn.

Gesondheidsorg is 'n wesenlike probleem in ons land, daar sterf duisende mense elke dag omdat hulle nie die nodige sorg en hulp ontvang nie. Ek dink dat geestelike sorg 'n groter probleem is, soveel mense loop rond met hopeloosheid, moedeloosheid en pyn. As Christengelowiges het ons die hulpmiddel, die kuur, die "geestelike ambulans" om mense in nood se lewens te red. Die kerk en elke gelowige behoort weer die sirenes en ligte van die ware hoop, op redding in Jesus Christus, aan te skakel. Ons behoort ons te haas om die lewegewende boodskap by alle mense te kry. Daar is gelukkig nog mense wat help, wat omgee, wat die nood raaksien en reageer. Met hul hulp en deur die genade van die Here het die Bybelgenootskap van Suid-Afrika gedurende 2011, **1 267 718** volledige Bybels versprei. Hiervan was **1 024 383** gedrukte Bybels en **242 600** gratis Selfoonbybels. Daar is ook **735** e-Bybels afgelaai en **27 231** volledige Bybels aan ander Bybelgenootskappe in Afrika gelewer.

Ons kan net dankbaar wees dat daar soveel mense is wat haastig is om die lewegewende boodskap by die nood van die wêreld te kry. Ek wonder hoeveel lewens is daardeur gered? Wil jy nie ook 'n lewensredder word nie? Besluit vandag om nie net passief die pyn en nood om jou raak te sien nie, maar om ook iets daaraan te probeer doen. Raak vandag nog betrokke by die goeie werk wat die Bybelgenootskap van Suid-Afrika in gehoorsaamheid aan ons Here Jesus Christus doen. Dit is 'n saak van lewe en dood.

Dr Stephan Hoffman

*** Wil u 'n bydrae maak? Gaan na:

www.bybelgenootskap.co.za → wat jy kan doen →
ondersteun bybelwerk, of kontak dr Stephan Hoffman
by hoffman@biblesociety.co.za of 011 970
4010 .



BEROEPE EN STANDPLASE

Kontak die webbladredakteur, prof Ernest van Eck, by ernest.vaneck@up.ac.za om vakante standplase op die Kerk se amptelike webblad by www.nhk.co.za te plaas. Onthou asseblief dat 'n standplaas eers vakant verklaar moet wees voordat dit geadverteer mag word. Kontak dr Frikkie Labuschagne by 012 322 8885 x256 in dié verband.



Prop Tiaan Loedolff Ds Dirk van Rooyen



Ds Petrus Harmzen

Beroep ontvang

- **Prop Tiaan Loedolff** na Alberton (deeltyds)
- **Ds Dirk van Rooyen** van Carletonville na die Belfast/Waterval Boven-kombinasie
- **Ds Petrus Harmzen** van Gerdau/Hartbeesfontein (deeltyds) na Vaalharts (voltyds)

Beroep aanvaar

- **Prop Tiaan Loedolff** na Alberton (deeltyds)

Vakante standplase

- **Gemeente Waterberg** beskik oor 'n **vakante volsorgstandplaas**. Die gemeente is geleë in Nylstroom/Modimolle, 'n plattelandse dorp, die hoofsentrum en poort na die Waterberg-streek. Staatsdepartemente vir die streek, boerdery en in 'n toenemende mate toerisme vorm die belangrikste bedrywighede in en om die dorp. Nylstroom is ook 'n gewilde aftreebestemming.

Die gemeente bestaan uit 849 lidmate, waarvan 736 belydende lidmate is. 14% van die lidmate is jonger as 18 jaar; 20% is 19 tot 45 jaar; 16% tussen 45 en 60; 50% ouer as 60 jaar. Daar word van die predikant verwag om volgens Ordinansie 2.1.5 sy taak te verrig. Die bedieningsplan fokus op bejaardesorg, maar spesifieke aandag moet ook aan die jeug gegee word. Voorkeur en vaardighede in hierdie bedieningsterreine sal tot voordeel van 'n kandidaat strek.

Aansoeke moet die gemeentelike kerkkantoor **voor of op 13 Februarie 2012** bereik. Predikante en proponente kan hul besonderhede stuur aan die skriba, Charl van Rooyen, per faks na 086 695 5413 of 086 260 0934, of e-pos dit na charl@optimaxmail.co.za of hervormwaterb@telkomsa.net. Die Kerkraad sal die kandidate op 'n beroepslys plaas, waaruit 'n kortlys saamgestel sal word. Hierdie kandidate sal dan vir 'n preekgeleentheid en onderhoud genooi word. Die Kerkraad behou die reg om 'n predikant te beroep wat nie op hierdie advertensie gereageer en aansoek gedoen het nie.

- **Gemeente Steelpoort** beskik oor 'n **vakante volsorgstandplaas**. Die gemeente het 'n eie kerkgebou en pastorie, en bestaan uit ongeveer 200 belydende lidmate. Die bedieningsarea strek hoofsaaklik oor die hele Steelpoort en Burgersfort sowel as enkele aangrensende gebiede. Navrae kan aan die voorsitter van die beroepskomitee, Frank Jacobs, by 083 380 5346 gerig word. Enige belangstellende predikant of proponent kan 'n volledige CV **voor of op 15 Februarie 2012** aan hom stuur by frank@tecseal.co.za. Die Kerkraad is nie verplig om uit die groep aansoekers 'n beroep uit te bring nie.
- **Gemeente Trichardtsfontein** is in die proses om 'n **volsorgpredikant** te beroep nadat die vorige predikant, ds Jan Rossouw, emeritaat aanvaar het. Predikante wat belangstel in 'n moontlike beroep daarheen, moet **voor of op 2 Maart 2012** hul name per e-pos stuur na nhktrichardt@vodamail.co.za. Hulle sal dan 'n bedieningsdokument ontvang met al die nodige inligting en wat voltooi en teruggestuur moet word voor of op 7 Maart 2012. Kontak die skriba, Gert Helberg, by 082 493 4552. Die Kerkraad is nie verplig om uit die groep aansoekers 'n beroep uit te bring nie.

PREDIKANTE EN GEMEENTES

Alle lief en leed vir plasing in die kerklike publikasies moet aan die Sekretaris vir SENTIK, dr Wouter van Wyk, by wouter@nhk.co.za gestuur word, of skakel hom by 082 339 2332.



Ds Koos Naudé

Emeritusprof Piet van der Merwe

- Baie geluk aan **ds Petri en Janette van Rooyen** van gemeentes Ruskoppies en Joachim Prinsloo met die geboorte van hul babadogtertjie Marli op 2 Februarie. Geniet elke oomblik van dié lewenslange taak!
- Emerituspredikant **ds Koos Naudé** tree op Saterdag 25 Februarie in die huwelik met mev Hendrien Swart. Mev Swart is die weduwee van ds AAJ Swart wat in 2008 oorlede is. Ons wens die egpaar net die beste toe vir hierdie mooi tyd in hul lewens.
- **Emeritusprof Piet van der Merwe** (Godsdienst- en Sendingwetenskap) sterk tans tuis aan nadat 'n gewas van sy kolon verwyder is. Ons dink aan hom en Riekie en bid dat hy volkome sal herstel.



Tannie Maria Schoeman

- **Tannie Maria Schoeman**, Gemeente Kempton se oudste lidmaat, is Sondag 5 Februarie oorlede in die ouderdom van 104 jaar. Tannie Maria het die afgelope 50 jaar by jaar skoonseun en dogter, Hansie en Baba Bezuidenhout, in Kempton Park gebly. Sy laat 'n dogter, drie kleinkinders, vier agterkleinkinders en een agteragterkleinkind na. Toe Tannie Maria 100 jaar oud geword het, het Gemeente Kempton gevra dat sy 'n inskripsie in die Kanselbybel maak. Haar woorde was: *Ek glo dat ek so 'n hoë ouderdom kon bereik, slegs moontlik is deur God se genade. Leef naby die Here en leef in vrede met alle mense – dan sal jy vind dat sy genade ook vir jou genoeg sal wees.*

- **Mev Anna Viljoen**, skoonmoeder van ds Johann Marnewick (Johannesburg-Wes) en mnr Gert van Wyk (lid van die Raad van Finansies), is op Woensdagoggend 8 Februarie aan kanker oorlede. Sy was jare lank onderwyseres en hoof van 'n rekenaarsentrum in Fairland, en 'n meelewende lidmaat van Gemeente Weltevreden. Ons innige simpatie gaan aan haar naasbestaandes.



Ds Pieter Viljoen en prof Natie van Wyk

- Die **Afrika Instituut vir Missiologie (AIM)** is op Dinsdag 7 Februarie in die Raadsaal van die Dirk van der Hoffgebou geopen. Die voorsitter van die Raad vir AIM, **ds Pieter Viljoen** (Alberton), het die geleentheid met Skriflesing, oordenking en gebed geopen, waarna die direkteur van AIM, **prof Natie van Wyk**, die teenwoordiges toegesprek het oor die lesse wat die kategetiek van Augustinus en die Kerkhervorming vir die kerk van die dag inhou. Daar is drie nuwe eerstejaarstudente verwelkom, en pryse aan vyf toppresterders toegeken. Prof Matsobane Manala dien as departementshoof van Praktiese Teologie aan UNISA. Dr Zuze Banda is pas aangestel as departementshoof van Sendingwetenskap aan UNISA, terwyl ds Phumzile Makena as junior lektor in dieselfde departement aangestel is. Hieruit blyk die sukses van die teologiese opleiding duidelik.

- Die Kerk se **kursus vir diakonale begeleiding** word op **Saterdag 11 Februarie** van 08:30 tot 17:00 in **Gemeente Durban** aangebied deur prof Biëks Beukes. Die kursus sal veral fokus op sinvolle ondersteuning van diakens en diensgroepe om senior lidmate te ondersteun. Prof Beukes is ook bereid om hierdie en ander motiveringskursusse in gemeentes en ringe aan te bied. Skakel Jeanine Joubert by 082 374 1187.

- **GELOWIGE GESINNE GESPREK.** Tydens die Raad vir Gesinsorg en die Werkspan vir Jeugbediening se gesinsbyeenkoms op **Saterdag 11 Februarie** van 09:00 tot 15:00 sal besin word oor die waarde van gelowige gesinne. Dit vind plaas by **Gemeente Montana**, hv Azanza- Jan Bantjiesstraat, Montana, Pretoria. Ons wens die organiseerders en deelnemende gesinne 'n suksesvolle dag toe.





- **NHSV.** Die NHSV bedank al die gemeentes wat so mildelik gegee het met die deurkollekte in Februarie 2011. R138 000 is so ontvang, wat vanjaar aangewend gaan word vir beurse en lenings. Die **deurkollekte van Sondag 12 Februarie** gaan weer vir die NHSV, en sal in 2013 weer aangewend word vir die toekenning van beurse en lenings. Tydens die NHSV Kongres in 2011 is besluit om **PROJEK TOEKOMS** te loods. Die NHSV Hoofbestuur en takke verbind hulself om intensief te poog om die **Beurs- en Leningfonds** van die Hoofbestuur uit te brei, sodat Hervormde studente meer baat kan vind by toekennings uit die Fonds. 'n Bewusmakingsveldtog sal veral toegespits wees op jong Hervormde ouerpare wie se kinders in die toekoms voordeel kan trek uit die Fonds. Studente sukkel om beurse en lenings te bekom – selfs handelsbanke keur aansoeke om lenings af. Indien die NHSV aksies loods en jong Hervormde lidmate daarby betrek, kan dit die gesindheid teenoor die NHSV positief beïnvloed. Jonger dames kan deel voel van die NHSV se inisiatief sonder om noodwendig byeenkomste by te woon. **Projek Toekoms** word jaarliks op die **tweede Sondag in Februarie** bekendgestel met die voorlees van die NHSV se boodskap, waarna die deurkollekte vir die NHSV geormerk word. Vir die afsienbare toekoms word hierdie deurkollekte uitsluitlik gebruik vir die Beurs- en Leningfonds. NHSV takke, kerkrade en lidmate sal op die hoogte gehou word van vordering met die Fonds. NHSV takke sal jaarliks 'n fondsinsamelingspoging beplan in samewerking met die diakensvergadering van die gemeente, jonger dames en mans om Projek Toekoms verder te ondersteun.
- **Opening van die Fakulteit Teologie**
Datum: Maandag 13 Februarie
Tyd: 09:30
Plek: UP Kapel
Die opening sal die vorm van 'n akademiese wydingsdiens aanneem
- **Amptelike opening van die Hervormde Teologiese Kollege (HTK)**
Datum: Woensdag 15 Februarie
Tyd: 14:30
Plek: Gemeente Philadelphia
Spreker: Prof Yolanda Dreyer
Tema: Praktijkopleiding van teologiestudente vandag
Ook dr Christo van der Merwe se eerste opening as hoof van die HTK
Afskeid van prof Theuns Dreyer
en oorhandiging van TFJ Dreyer-huldigingsbundel
Oorhandiging deur prof Andries van Aarde (redakteur: *HTS*)
en prof Yolanda Dreyer (mederedakteur: *HTS*)
Vingerete na afloop van verrigtinge
- Die lede van die **Eendrachtkring** word herinner aan hul ontbytbyeenkoms op **Donderdag 23 Februarie** om 09:30 vir 10:00 in die kerksaal van Gemeente Pretoria-Oos, Delyweg 100. Antwoord asseblief op die laatste **teen 20 Februarie** by Johanna Steyn, 012 348 2932 of 082 749 3071, of Hendrien Swart by 012 654 9766 of 083 722 3653.
- **Ds John Putter** van Gemeente Drie Riviere se e-posadres het verander. Dit is nou jdputter@telkomsa.net.
- **BYBELVASVRA 2012.** Die Komitee vir die Landswyse Bybelvasvra stel graag die volgende inligting beskikbaar:
Bestek: Josef se verhaal in Genesis 37-50.
Drie artikels deur dr Wouter van Wyk in die Maart-, April- en Mei-uitgawe van *Konteks* (vir die hoërskool- en naskoolse spanne).
Ringsvasvra: 29 Julie 2012.
Ringskomitees vir Gesinsorg word versoek om hul ringsuitdunne voor 29 Julie te voltooi.
Ons moedig ringe aan om hul Vasvra op 29 Julie te laat plaasvind, sodat hulle die





standaardvraestel wat deur die Komitee vir die Landswye Bybelvasvra voorsien word, kan gebruik.

Landswye Finaal: 21-23 September 2012 te Kwaggasrus.

Die koste sal later bekendgemaak word.

Volledige besonderhede sal binnekort op *Konteks* se webblad geplaas word by www.konteks.co.za.

- **Gemeente Eendracht** word **100 jaar oud op 20 April 2017**. Vanjaar is dit hul 95-jaar-vieringe. Hulle vra dat lidmate en ampsdraers hulle moet voorsien van foto's en/of inligting, veral oor die jare voor 1970, vir opname in die feesbundel wat met die 100-jaar-vieringe uitgegee sal word. Predikante soos ds MJ Goddefroy, ds J van Belkum, ds Van Warmelo, ds JJ Prinsloo asook prof Muller was betrokke by die beginjare van Eendracht. Dit sal veral gepas wees om rondom die vroeë jare van die gemeente se ontstaan inligting en foto's te kry. Kontak ds Werner Olivier by 082 412 7144, 017 683 0067 of werner.olivier69@gmail.com.
- **Gemeente Buffelspoort** (by Mooinooi) beskik oor 'n vakature vir 'n **orrelis**. Stuur aansoeke aan mev Sarie van den Berg by marikana@nhk.co.za, of kontak haar by 083 654 0626.
- **Preekbeurte in Dullstroom**. Predikante kan by Gemeente Dullstroom preek en gratis verblyf vir die naweek kry. Die verblyf is vir die predikant en sy/haar gade en 'n voorskoolse kind. Vir ander kinders moet self betaal word. Kontak Johanna by nhkdullstroom@yahoo.com of 072 116 3353.

Spesiale eredienste

- **GEMEENTE KAAPSTAD**. Ds **Geo de Kok** van Feba Radio sal op **Sondag 12 Februarie** met die erediens voorgaan om 09:00, en op **Sondag 26 Februarie** op Melkbosstrand. Feba Radio is 'n wêreldsendingorganisasie wat die evangelie per radio uitsaai na die onbereikte volke van die wêreld.

Op **Sondag 26 Februarie** om 09:00 sal **dr Gijsbert Bos** die Nederlandse erediens lei in die Tygerbergkompleks te ME Rothmanstraat 29, Parow-Noord. Dr Gijsbert en sy vrou Jeanne is tans op besoek aan Suid-Afrika.

Sondag 11 Maart om 09:00 vier die gemeente die 50-jarige ampsjubileum van **prof Eddie Engelbrecht**. Die dankseggingsdiens sal gelei word deur die plaaslike predikant, ds Kathleen Smith. Oudl Frits Smit sal die diens namens die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering (AKV) bywoon.

Predikanteverjaardae

- **Die volgende predikante verjaar tot 17 Februarie, en word hartlik geluk gewens.**
 - Donderdag 9 Februarie: Di Lydia Miller (buiteland), Ferdie Nortjé (Outeniqua) en Freddie Nortjé (Bergsig)
 - Vrydag 10 Februarie: Prof Schalk Botha (emeritus), di Dalene Lourens (Selcourt) en Jaco Vogel (Rooihuiskraal)
 - Saterdag 11 Februarie: Ds Marius Jansen van Vuren (Duncanville)
 - Sondag 12 Februarie: Ds Pieter Viljoen (Alberton)
 - Dinsdag 14 Februarie: Prof Piet Venter (UP), di Larry van der Walt (Oos-Londen) en Eddie Vosloo (emeritus)
 - Woensdag 15 Februarie: Di Maritza Botha (Coligny) en Johan Viljoen (Koorfontein)
 - Vrydag 17 Februarie: Ds Danie Struwig (Delmas)



Beplande vergaderings/byeenkomste

- o Vrydag 10 Februarie: Moderamen
- o Saterdag 11 Februarie: Gelowige Gesinne Gesprek
Kommissie van die ADV
- o Maandag 13 Februarie: Raad vir Erediens
- o Dinsdag 14 Februarie: Operasionele Komitee van die
Ondersteuningsraad
Finkom van die Ondersteuningsraad

Beskikbare behuising

- **Huis Tafelberger.** Nuutopgeknapt kamer beskikbaar vir **selfversorgende bejaarde**. Huis Tafelberger is geleë in Monte Vista, Kaapstad, en is een van die tehuse van die NHSV. Navrae aan die voorsitter, mev Anna Hanekom, by 021 872 6301, of mev Joan van der Westhuizen by 021 558 6575, of ds Kathleen Smith by 021 551 5264.

Kampe en wegbreke

- **Gemeente Lydenburg: Huweliksverrykingseminaar**
2 tot 4 Maart
By Floreat Riverside Lodge in Sabie
Ds Thinus van Staden van Gemeente Montana is fasiliteerder
(Thinus is besig met PhD in Gesinsbediening
en is 'n Imago-verhoudingsterapie-fasiliteerder)
Koste R2 200 per paar (sluit 3-ster-verblyf op oewer van Sabierivier,
heerlike kos en uitstekende spreker in)
Kontak ds Willie Botha by 082 786 3458 of wbot@absamail.co.za
of Liesie by 013 235 3554, of nhglydenburg@xsinet.co.za
- **Gemeente Montana: Vrouekamp**
9 tot 11 Maart
By Mopani Lodge, net buite Pretoria
Tema: *Steek 'n petunia in jou hoed en skaterlag!*
Spreker ds Janine Bevollo-Manders
R500 per persoon
Vir navrae of besprekings: Jana Peenze 083 734 5426
of janapeenze@vodamail.co.za

Kompetisies en fondsinsamelings

- **Van Rensburg Monumenttehuis in Danville: Klap-'n-Tekkie**
Saterdag 10 Maart
1, 5 en 10 km pretloop by Fonteinedal Pretoria
R25 inskrywingsfooi vooraf, maar R30 op die dag
Vir inskrywings en navrae kontak Elma by 082 954 7955
(ruelma@vodamail.co.za)
of Elna by 083 443 9373
of besoek www.klapntekkie.co.za
- **Gemeente Tzaneen: Groot 3-kompetisie**
Kaartjies R50
Sluitingsdatum 31 Mei 2012
Wen een van 3 groot pryse
Geborg deur FNB Tzaneen,
AMC Classic se plaaslike agent, Ria Lourens (083 727 3951),
VW Lannie Motors Tzaneen,
en skenkings van lidmate en weldoeners



Pryse vir jagters, kokke én tekno's!
Prys 1: Jagnaweek in die Waterpoort, 1 eland, 1 koedoe, 1 rooibok
Prys 2: AMC Classic kookstel, waarde R15 000
Prys 3: Ipad ter waarde van R6 500
Navrae aan gemeentelike kerkkantoor by 015 307 4508
of ds Richard van der Westhuizen by 072 144 7514

Basaars en markte

- **Saterdag 25 Februarie: Gemeente Leeudoringstad: NHSV Pienkbasaar**
Vanaf 09:00 op gemeenteterrein
Tema: *Sand en see*
Seremoniemeester Gretha Pers (pers heks van die ATKV)
Kosstalletjies met lekkernye vir die vrouens
Tuisgemaakte geskenke
Uitstallers met juwele, kinderklere en ander kinder- en bababenodighede
Babakompetisie 0 tot 24 maande, dooprokuitstalling
Veiling van koeke vir kinders
Vermaak vir kinders
Manne welkom!
Kontak Thea van Rooyen by 073 723 9883
- **Vrydag 2 Maart: Gemeente Kaapstad: Jaarlikse Somerkosfees**
Te Tygerberg
Navrae aan ds Kathleen Smith by 021 551 5264 of kathleen@adept.co.za
- **Vrydag 23 en Saterdag 24 Maart: Gemeente Bronkhorstspuit: Basaar**
Vrydagaand: Braairestaurant vanaf 17:30
Saterdagoggend: Basaar vanaf 08:00
Al die spesiale basaarlekkernye
asook vars produkte, vleis, gebak en meer
Almal welkom
Navrae aan nhbhs@telkomsa.net

ANDER NUUS

- **NEDERDUITSCH HERVORMDE SUSTERSVERENIGING**
Redakteur van *Die Christelike Vrou*
Die NHSV-hoofbestuur wag aansoeke in vir die pos van redakteur van die maandblad *Die Christelike Vrou*, om diens te aanvaar op 1 Maart 2012. Dit is 'n deelydse pos. Die geskikte kandidaat moet oor die volgende beskik:
Vereistes
Lidmaat van die NH Kerk van Afrika.
Naskoolse kwalifikasie in taal, joernalistiek of kommunikasie.
Ervaring van uitgewery, taalversorging, redigering, joernalistiek.
Kennis van en betrokkenheid by NHSV-sake.
Vaardighede
Taal- en skryfvaardigheid; goeie menseverhoudings; rekenaargeletterd; kreatiewe vermoë; administrasie- en organisasievermoë; vermoë om by sperdatums te hou; vermoë om in 'n span saam te werk; vermoë om 'n span te motiveer.

Aangesien *Die Christelike Vrou* deel vorm van *Konteks*, word van die redakteur verwag om ook by die redaksie van *Konteks* betrokke te wees asook in noue samewerking met die *Konteks*-redakteur en -produksiespan te kan funksioneer. Die redakteur dien ook ampshalwe in die Raad vir SENTIK.

Sluitingsdatum **10 Februarie 2012**. Onderhoude die middag van 17 Februarie 2012. **Stuur CV voor of op 10 Februarie aan nhsvhoofbestuur@nhk.co.za**, of faks na 086 693 7955, of kontak NHSV-kantoor by 012 325 0117.



• DIE ONDERSTEUNINGSRAAD: VAKATURES

Daar is tans poste vir gekwalifiseerde Maatskaplike Werkers by:

- o Brakpan
- o Krugersdorp
- o Potchefstroom
- o Vanderbijlpark.

By die Pretoriakantoor is 'n pos vir 'n Afrikaanssprekende, gekwalifiseerde Hulpmaatskaplike-werker wat oor 'n geldige rybewys beskik.

Kontak Mariaan Steenkamp by mariaans@nhk.co.za of Charmaine Fourie by oraadpb@nhk.co.za, 012 322 8885 x313 of 071 684 7796.

ADVERTENSIES waarvan 'n private individu of instansie die begunstigde is, of waarin 'n gemeente 'n projek prominent wil bekendstel, kan in die *e-Hervormer* geplaas word. Dit bestaan hoofsaaklik uit teks van ongeveer 110 woorde (u kan eenvoudige grafika of 'n foto voorsien), maar daar sal nie onderhandel word oor die uitleg daarvan nie. Indien 'n jpg-weergawe van die advertensie voorsien word, moet dit verkieslik nie groter as 'n standaard besigheidskartjie wees nie. Die advertensie moet saam met die bewys van betaling gestuur word aan mev Tessa Oppermann, per faks na 086 633 4059, of per e-pos na produksie@nhk.co.za. GEEN advertensie sal geplaas word sonder dié bewys nie. Die teks en bewys van betaling moet mev Oppermann bereik teen 16:00 op die Dinsdag voor die betrokke uitgawe se verskyning. Die *e-Hervormer* word Woensdae saamgestel en verskyn elke Donderdag. Indien die plasing meer as een keer moet geskied, moet aangedui word op watter datums dit moet verskyn, met betaling vooruit vir al die beoogde plasinge. **Die koste is R150 per plasing.**

Die verskuldigde bedrag moet uitgemaak word aan:

Raad van Finansies

ABSA Bank

Tjekrekening nommer 020-000-287

Takkode 632-005

Verwysing: u naam + e-Hervormer Ads

KOMMENTAAR

Lesers kan kort kommentaar (**uiters 100 woorde**) stuur aan produksie@nhk.co.za. Langer bydraes sal nie geplaas word nie, en moet eerder na die gespreksforum van die Kerk se webblad by www.nhk.co.za gestuur word. Anonieme bydraes word ook nie gebruik nie. Die finale besluit oor plasing in die *e-Hervormer* berus by die redakteur.

“Ek kan nie anders nie as om met ds Dirk Stolz saam te stem. Modewoorde dra regtig nie by tot 'n mens se taalgebruik nie, jy klink regtig nie slimmer nie, eerder die teendeel: Gebruik die mooi woorde beskikbaar in Afrikaans. Ek verstaan ook van die taalkundiges dat binne die raamwerk van Afrikaanse taalreëls die woord *huidiglik* onbestaanbaar is: die korrekte woord is klaarblyklik *tans*.”

Hein Marx

“Baie dankie vir die ontvangs van die *e-Hervormer*. Kan ek u vriendelik versoek om dit asseblief na my persoonlike e-posadres te stuur asook aan die (genoemde) drie medelidmate. Baie dankie, ons geniet en *verslind* dit behoorlik!”

Hannetjie van der Westhuizen



AGTERBLAD

'n Kroon van dorings...

Die Maart 2012-uitgawe van *Konteks* word volgende week aan gemeentes gepos.

Die voorbladbeeld van waterdruppels in 'n "doringkroon" is ryk aan betekenis. Dr Wian Kloppers skryf in sy redaksionele berig dat dit dui op die noue vervlegting van lewe (water) en pyn (dorings). Die beeld dui ook op die kroon van dorings wat Jesus moes dra en die water van lewe waarna Hy so gesmag het – die pyn wat Hom laat vra het: *Waarom, my God, waarom?*

Hierdie uitgawe dra 'n liturgie vir Lydenstyd, 'n boodskap uit die 2012 *Bybelse Dagboek*, agtergrond by 'n beoogde Bybelstudie oor 1 Petrus, en aangrypende perspektiewe op lyding en sterwe. Kry ook inligting oor die 2012 *Konteks*-Bybelvasvra, die opwindende nuwe Gelowige Gesinne Gesprek, en lees die gesprekke met twee skrywers oor hul boeke wat onlangs verskyn het.

Lees oor die bediening in Paraguay, Dullstroom se verhaal van hoop, en die uithaalbylaag oor die ring van Rustenburg.

*** Kontak mev Susann van Zyl by 012 322 8885 x291 of sentik@nhk.co.za om vir 2012 in te teken en 10 uitgawes teen R140 te ontvang. Besoek www.konteks.co.za en lees elke keer wat in die nuutste beskikbare uitgawe verskyn.



Redakteur: Dr André Ungerer
Subredakteur: Ds Etienne Fourie
Kerknuus: Dr Wouter van Wyk
Teksvorsorger: Mev Tessa Oppermann
Uitlegkunstenaar: Mej Izelle Marx